

**Dinsdag 6 Junie**

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 15:31-39**

**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 15:38; HK Sondag 22, Antwoord 57**

**Die opstanding: met dieselfde liggaam**

Aan die hand van dieselfde beeld van die saad en die plant wat daaruit voortkom (vgl. 5 Junie), verduidelik Paulus verder hoe dit met die opstandingsliggaam van die mens gesteld sal wees. Paulus lê baie nadruk daarop dat ek met die opstanding uit die dood dieselfde liggaam sal hê wat ek nou het.

Hoewel die gelowige se liggaam dan verheerlik sal wees en 'n ander ge-daante sal vertoon, sal dit tog dieselfde liggaam wees as wat ek nou het. Die beeld van die *saad* en die *plant* wat daaruit voortkom, toon dit duidelik aan. Die saad wat gesaai word, bepaal immers watter plant daaruit gaan voortkom. As ek 'n koringkorrel in die grond plant, kan ek tog nie verwag dat daar 'n vyeboom sal opkom nie. Uit 'n koringkorrel kom 'n koringplant tevoorskyn (1 Kor. 15:39). Anders gestel: Die koringkorrel wat gesaai is, tree, as dit ont-kiem, self weer tevoorskyn, maar net in 'n nuwe gedaante.

So is dit as die mens opstaan uit die dood. Ek sal self met hierdie liggaam wat ek nou het, opgewek word, hoewel dit 'n nuwe en veel heerliker gedaante sal hê. Dit kom dus daarop neer dat daar by ons opstanding uit die dood, wat ons liggame betref, 'n *gedaanteverwisseling* sal plaasvind, maar *nie* 'n *we-sensverandering* nie. Hierop lê Paulus sterk die nadruk, veral as hy van die korrels wat gesaai word, verklaar: “Maar God gee dit 'n liggaam soos Hy ge-wil het, en aan elkeen van die saadkorrels sy eie liggaam” (1 Kor. 15:38).

In elke koringkorrel is daar 'n lewenskiem (vgl. Fil. 3:20-21). Opper-vlakkig geoordeel, mag dit lyk of die lewenskiem dood is, want ek kan die korrel vir jare bewaar en hy sal presies so bly soos hy is. Op die oomblik as ek die korrel plant, ontkiem die lewenskiem egter en uit die skynbaar dooie korrel kom 'n plant tevoorskyn.

So is dit nou ook met die mens gesteld. Van elke menslike liggaam bewaar God 'n lewenskiem – op 'n wyse wat net Hy in sy volmaakte wysheid weet en in sy almag kan doen. Nou maak dit nie saak of 'n mens verbrand is of in die see vergaan het of deur diere verskeur is of in die graf tot stof geword het nie. *God bewaar van elkeen 'n lewenskiem.*

Met die opstanding uit die dood laat God uit daardie lewenskiem weer elkeen se liggaam uitgroei, maar dan in 'n baie heerliker gedaante as wat dit tydens sy/haar lewe hier op aarde was. Daarom kan elke gelowige saam met die Kategismus sê dat “*hierdie selfde liggaam van my deur die krag van Christus opgewek sal word*”.

Tot ons troos moet ons daaraan in die geloof vashou.